Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

JAARVERSLAG EENHEID VIR GELYKWAARDIGHEID

2021 OORSIG

HTTPS://WWW.SUN.AC.ZA/AFRIKAANS/LEARNING-TEACHING/EQUALITYUNIT

BOODSKAP DEUR JACO GREEFF BRINK, HOOF VAN DIE EENHEID VIR GELYKWAARDIGHEID

Terugblik op 2021

2021 was ŉ opwindende jaar. Van besondere belang was die besluit om die Eenheid vir Gelykwaardigheid (EG), wat etlike jare lank deel van die Sentrum vir Studentevoorligting en -Ontwikkeling was, te verskuif om direk aan die Viserektor: Onderrig en Leer, prof Deresh Ramjugernath, verslag te doen. Sodoende kon ons ons steun aan die personeel en studente van die Universiteit Stellenbosch verder uitbrei en sterker pogings aanwend om gendergebaseerde geweld (GGG) op kampus te bestry. Ons het voortgegaan met ons hersiening van die institusionele Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering en die MIV-/Vigsbeleid vir Personeel en Studente. Die hersiening beoog om die twee beleide saam te smelt. Dit sal ook besondere klem plaas op verhaal vir slagoffers van GGG en diskriminasie teen lede van die LGBTQIA+-gemeenskap.

Die personeelsterkte is aangevul met nuwe aanstellings in die posisie van Koördineerder: Teen Gendergeweld en die posisie van Steunbeampte vir Gevalleondersoeke. Die koördineerder versterk die institusionele reaksie op GGG. Die Steunkantoor vir Gevalleondersoeke bied regsondersteuning aan ons gevallebeamptes wat klagtes oor onbillike diskriminasie en teistering ontvang.

In 2021 het die ontwerp van ŉ aanlyn aanmeldingswerktuig momentum begin optel en hierdie noodsaaklike werktuig sal amptelik in die eerste semester van 2022 bekendgestel word. Die aanmeldings- en moniteringswerktuig help met ons pogings om ŉ vereenvoudigde benadering tot die aanmeld van voorvalle van onbillike diskriminasie en teistering te skep.

Ons het ook steeds op die opbou van vennootskappe – intern en ekstern – gefokus om ons werksaamhede na die kampusgemeenskap en organisasies wat dieselfde etos van maatskaplike geregtigheid as ons aanhang, uit te brei. Lees meer oor ons veldtogte en vennootskappe verder aan in ons 2021 Jaarverslag.

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid span: (l-r) Qaqamba Mdaka, Jaco Greeff Brink, Larona Matee, Kaylon Weppelman, Nadine Christians, Werner van Kerwel, Jill Ryan, Michelle Munro, Adrian Paulse

HOOGTEPUNTE

Eenheid vir Gelykwaardigheid verskuif van SSVO na die Viserektor: O&L

In Junie het die Eenheid vir Gelykwaardigheid amptelik uit die Sentrum vir Studentevoorligting en -Ontwikkeling by die Afdeling Studentesake verskuif en doen nou direk aan die Viserektor: Onderrig en Leer verslag.



Studente in Adviespaneel vir Onbillike Diskriminasie en Teistering aangestel

Vier US studente is vir twee jaar in die Ondersoekpaneel vir Onbillike Diskriminasie en Teistering aangestel. Die studente sal veral ten opsigte van aangeleenthede wat deur studente aangemeld word, ŉ rol speel.

ŉ Uitnodiging is aan studente gerig om aansoek te doen om deel te word van die Onbillike Diskriminasie en Teistering-paneel

Skenking deur Higher Health – R500 000

Die MIV-portefeulje het ŉ skenking van R500 000 van een van sy vennote, Higher Health, ontvang. Ná die voorlegging van die suksesvolle finansieringsvoorstel, is die skenkingsbylae deur die raad van Higher Health goedgekeur en deur die Rektor van die US, prof Wim de Villiers, onderteken. Die finansiering sal vir die Eenheid vir Gelykwaardigheid se werk ten opsigte van die volgende aangewend word: MIV, seksueel-oordraagbare infeksies (SOI), GGG, LGBTQIA+, gestremdhede, middelmisbruik, geestesgesondheid en Covid-19.

Taakspan vir Grondwette en die Dissiplinêre Kode

Die Taakspan vir Grondwette en die Dissiplinêre Kode, wat twee personeellede van die Eenheid vir Gelykwaardigheid insluit, het sy werk afgehandel en sy verslag aan die Senior Direkteur, Afdeling Studentesake, voorgelê. Die verwysingsraamwerk vir die taakspan was om die verskillende gemeenskappe se grondwette te belyn en ŉ templaat te ontwikkel wat deur alle gemeenskappe gebruik kan word en wat terselfdertyd die onderskeie grondwette sal belyn. Die taakspan het aan al die nodige vereistes voldoen.

Verteenwoordiging van Eenheid vir Gelykwaardigheid in die Institusionele Komitee vir Personeelgesondheid en -Welstand

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid is in die Institusionele Komitee vir Personeelgesondheid en -Welstand (IKPGW) verteenwoordig. Die komitee speel ŉ

belangrike rol in die bevordering van personeelgesondheid en -welstand aan die US. Die Eenheid het insette en kundigheid oor kwessies van maatskaplike geregtigheid, waaronder gender en MIV/Vigs, verskaf.

Integrasie en hersiening van Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering en die MIV-/Vigsbeleid

Die integrasie- en hersieningsproses van die Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering en die MIV-/Vigsbeleid is in 2021 aangevoor en is tans aan die gang. ŉ Taakspan is byeengeroep om die twee beleide te integreer en te versterk, en om GGG as ŉ noodsaaklike fokuspunt in te voeg.

Medewerking met die Transformasiekantoor in skryfprojek

Die medewerking tussen die Eenheid vir Gelykwaardigheid, die Transformasiekantoor en die Skryflaboratorium is suksesvol afgesluit. Die 'Skryf vir Verandering'-projek het studente toegerus met die nodige vaardighede om oor onderwerpe van maatskaplike geregtigheid te skryf. Sewe US studente het oor verskillende kwessies geskryf, waaronder die verkenning van wie kennis besit, hoe om vir ŉ gehoor en die spesifieke behoeftes daarvan te skryf, hoe om die doel van ŉ skryftaak te verstaan, en die verskillende skryffases. Die studente se werk is op die US webwerf en verskillende sosialemediaplatforms gepubliseer.

Die Skryf vir verandering-projek was n kollaborasie tussen die Eenheid vir Gelykwaardigheid, die Transformasiekantoor en die US Skryflaboratorium.

GEP verwelkom internasionale studente terug

Die Eenheid het internasionale studente, wat US Internasionaal se Global Education Programme (GEP) bywoon, terug verwelkom by ons semesterkursus – "Understanding HIV in South Africa: A Health and Social Justice Perspective". Hierdie kursus en twee ander ko-kurrikulêre semesterkursusse word deur die Eenheid se Portefeulje vir MIV en Seksualiteit aangebied en gefasiliteer. Die kursusse is daarop gemik om die nodige kennis, vaardighede en ingesteldhede in studente as leiers en toekomstige beroepslui aan te kweek en te ontwikkel; om te bevraagteken, te ontleed en te debatteer; om geestesingesteldhede ten opsigte van denke te verander en om GGG, seksuele gesondheid en seksuele diversiteit reg te hanteer; en om wanopvattings af te leer en bewus te raak van die impak van stigma en diskriminasie. Die ander kursusse is spesifiek ontwikkel vir die derdejaarstudente in Praktiese Teologie en Nagraadse Onderwyssertifikaat- (NOS-) studente, met Opvoedkundige Sielkunde en Lewensoriëntering as vakke.

Institusionele strategie teen GGG

Die hersiening van die institusionele strategie teen GGG het in 2021 begin. Die strategie sal duidelike riglyne bied vir die instelling se benadering. Die US se plan vir inwerkingstelling sluit verslagdoening, opleiding, bewustheid en voorspraak, en monitering en evaluering in.

Moniteringskomitee teen GGG

Ná die ontbinding van die Verkragtingskultuurkomitee, is ŉ nuwe Moniteringkomitee teen GGG gevestig om die wyses waarop die Universiteit se reaksie op GGG uitgebrei en versterk kan word, te ondersoek en ten uitvoer te bring. Die Hoof van die Transformasiekantoor, dr Zethu Mkhize, is as voorsitter van die komitee benoem. Die Eenheid vir Gelykwaardigheid se Koördineerder vir Geweldlose Genderinteraksie, dr Jill Ryan, is as sekretariaat aangewys. Hierdie komitee word in die institusionele plan teen GGG uitgelig. Dit behoort as ŉ bylae tot die bygewerkte Beleid oor Onbillike Diskriminasie, Gendergebaseerde Geweld, Teistering en MIV/Vigs ingesluit te word.

US se aanlyn hulpmiddel vir die aanmelding van onbillike diskriminasie en teistering

ŉ Eksterne diensverskaffer het ŉ aanlyn werktuig ontwikkel vir die aanmeld en monitering van onbilike diskriminasie en teistering en om die aanmeld van voorvalle deur personeel en studente te vereenvoudig. Hierdie toepassing sal na verwagting in die eerste semester van die 2022 akademiese jaar bekendgestel word.

Reeks werksessies oor gender vir personeel

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid het, in samewerking met die Transformasiekantoor (Siyakhula-program), gedurende Vrouemaand ŉ reeks webinare oor die herbeskouing van gender aangebied. Die onderwerpe was, onder andere, patriargie en mag, musiek en genderpersepsie, GGG, en gender in die werksplek (gendersensitiwiteit en onbewuste vooroordeel).

Ontwikkelingsopleiding vir senior studenteleierskap in 2021

In Oktober het die Eenheid vir Gelykwaardigheid opleiding en bewusmaking teen GGG aan die pas ingehuldigde Studenteraad (SR) en Tygerberg Studenteraad (TSR) verskaf. Die doel van hierdie sessie was om:

- Bewusmaking van GGG en onbillike diskriminasie te bevorder;
- GGG in hoëronderwysinstellings (HOI's) kortliks te beskryf;
- Die rol van die Portefeulje vir Geweldlose Genderinteraksie by die Eenheid vir Gelykwaardigheid te beskryf; en
- Sommige van die beleide/riglyne wat die institusionele reaksie op GGG rig, kortliks op te som:
    - Die Nasionale Strategiese Plan vir GGG en Vrouemoord (2020) vir GGG

- Die Beleidsraamwerk vir die Hantering van Gendergebaseerde Geweld in die Naskoolse Onderwys- en Opleidingstelsel
- Die implementering van Prosesriglyne vir Seksuele en Genderverwante Wangedrag in die Naskoolse Onderwys- en Opleidingsektor
- Die Universiteit Stellenbosch se Beleid oor Onbillike Diskriminasie, Gendergebaseerde Geweld, Teistering en MIV/Vigs
- Die US se Strategiese Plan vir GGG

Afknouery in die werksplek – tyd om standpunt in te neem – gesamentlike verklaring?

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid en die Departement Menslike Hulpbronne is besorg oor afknouery in die werksplek. Die Eenheid kon waardevolle insette lewer oor die erns van afknouery in die werksplek in ŉ gesamentlike kommunikasie aan personeel, wat gegrond was op die aantal gevalle wat in 2021 aangemeld is.

Praktykgemeenskapsforum – Wits Universiteit

Die Eenheid het ŉ oproep aanvaar vir universiteitsberoepslui om by ŉ praktykgemeenskapsforum, wat deur Wits Universiteit aangevoor is, aan te sluit. Die platform skep die geleentheid vir eendersdenkende beroepslui op die gebied van gelykwaardigheid en maatskaplike geregtigheid, veral diegene wat direk met GGG en klagtes oor seksuele teistering en misbruik te doen het, om idees, oplossings en uitdagings te deel.

Indien van vraelys van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) namens die US

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid het die Universiteit se vordering met en inwerkingstelling van projekte en werk oor GGG, soos dit met die Nasionale Beleidsraamwerk vir die Hantering van Gendergebaseerde Geweld in die Naskoolse Onderwys- en Opleidingstelsel (2020) verband hou, namens die US aan die nasionale Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) voorgelê. Die doel van die raamwerk is om ŉ bemagtigende omgewing vir die uitwissing van GGG te skep; om respek vir, beskerming en bevordering van, en voldoening aan die menseregte wat in die Suid-Afrikaanse Handves van Regte en die Grondwet verskans is, in te skerp; om naskoolse onderwys- en opleidingsinstellings te help om voorvalle van GGG te hanteer; en om die DHOO van ŉ moniteringsintrument vir die assessering van die inwerkingstelling van die beleidsraamwerk te voorsien. Die Eenheid het die DHOO voorsien van inligting, waaronder die US se GGG-beleid, die instelling se aanmeldingsriglyne en -prosedures, en voorkomende maatreëls.

Die omskrywing van 'voorkoming van geweld'

Die Eenheid was deel van ŉ groep belanghebbers wat vergader het om die begrip 'voorkoming van geweld' te omskryf. Die Instituut vir Veiligheidstudies en die Geweldsvoorkomingsforum het met 16 rolspelers vergader om meer inhoud aan die

definisie van die begrip te gee. Die multisektorale vergadering het gedinkskrum, gedebatteer en ŉ werkbare definisie ontwikkel. Die idee agter hierdie groep mense, waaronder verteenwoordigers van die nieregeringsektor, die regering en die privaat sektor, was om ŉ definisie te ontwikkel waarmee alle sektore kon saamstem. Dit sal help om verbintenis en gedeelde verantwoordelikheid oor alle sektore heen te vorm. Nadat die begrip omskryf is, het die belanghebbers oor die pad vorentoe ooreengekom. Die bevindings van die vergadering sal op ŉ datum wat nog bevestig moet word, aan die Suid-Afrikaanse parlement voorgelê word.

Onbewuste vooroordeel in die werksplek

As deel van Menslike Hulpbronne se Diensbillikheidsopleiding, het die Eenheid vir Gelykwaardigheid ŉ sessie oor "Onbewuste Vooroordeel en Gender in die Werksplek" gefasiliteer. Die opleiding wou ŉ platform vir begrip van die belangrikheid van diensbillikheid, diversiteit en inklusiewe praktyke aan US personeel bied. Ongeveer 160 personeellede het die sessie bygewoon. Die sessie het onbewuste vooroordeel in die werksplek en hoe dit ons omgang met ander beïnvloed, verken. Dit het ook praktiese maniere voorgestel om onbewuste patrone te ontwrig en bestaande raamwerke vir die assessering van holistiese, inklusiewe benaderings tot gendergelykheid bekendgestel. Die uitkoms van die sessie was om personeel aan te moedig om die onbewuste vooroordeel in hulle omgang met ander in oënskou te neem en om te beoordeel of die werksplek inklusief is.

Frankfurt Universiteit van Toegepaste Wetenskappe se paneelbespreking vir die 16 Dae van Aktivisme

Die Eenheid het op die eerste dag van die 16 Dae van Aktivisme deelgeneem aan ŉ paneelbespreking wat gereël is deur die Frankfurt Universiteit van Toegepaste Wetenskappe en die projekvennote van die Duitse Akademiese Uitruildiens (DAAD) – Frankfurt Universiteit van Toegepaste Wetenskappe (UTW), die Universiteit van die Wes-Kaap, die Tata Instituut van Sosiale Wetenskappe en Universiti Kebangsaan Malaysia. ŉ Internasionale paneel bestaande uit akademici en aktiviste uit Suid-Afrika, Duitsland, Indië, Afghanistan en Maleisië het met studente aan Frankfurt UTW omgegaan en bespreek hoe hulle hulself op die gebied van navorsing oor en voorspraak vir optrede teen GGG bevind het, GGG in hulle onderskeie lande beskryf en die faktore wat hulle werk beïnvloed, gekontekstualiseer. Hierdie interaksie het kruisperspektiewe op GGG uit die globale suide en die globale noorde gefasiliteer.

Rondetafelbespreking met leerstoel vir Maatskaplike Geregtigheid

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid het deelgeneem aan die rondetafelbespreking (wat deur prof Thuli Madonsela aangebied is) vir die Parlementsvoorlegging van die GGG wetsontwerpe. Verskeie sektore was deel van hierdie bespreking, waaronder organisasies wat aan GGG kwessies werk, regskenners, akademici en belanghebbers wat terugvoer gelewer het oor die Wysigingswetsontwerp op Kriminele en Verwante Sake, die Wysigingswetsontwerp op die Wet op Huishoudelike Geweld en die Wysigingswetsontwerp op die Wysigingswet op Kriminele Reg (Seksuele Oortredings en Verwante Sake).

VELDTOGTE

Veldtog teen kuberafknouery

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid het, in samewerking met die Afdeling Studentesake van die Tygerberg kampus, ŉ ambisieuse veldtog aangepak om kuberafknouery uit te lig. Deel van die veldtog was ŉ aanlyn aanbieding, "Cyberbullying and the Law" (Kuberafknouery en die Wet), wat deur die kenner van wetgewing oor sosiale media, Emma Sadlier, aangebied en deur meer as 100 personeellede, studente en eksterne vennote bygewoon is. Dit is gevolg deur regstreekse Instagram-besprekings oor kuberafknouery, seksuele teistering, queerfobie en hoe om voorvalle by die Eenheid vir Gelykwaardigheid aan te meld. Die veldtog was daarop gemik om bewustheid te skep en aanspreeklikheid en verantwoordelikheid onder studentegebruikers van aanlyn platforms uit te lig, met die hoop dat hulle dalk twee maal sal dink oor wat hulle deel en plaas. Die veldtog is gevoer op die Eenheid se sosialemediaplatforms en die sosialemediaplatforms van die US se amptelike profiele, die Afdeling Studentesake, en die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW). Die veldtog het 172 871 mense aanlyn bereik.

Kunswerk van die Kuberafknouery-veldtog.

SOI-/Kondoomweek-veldtog

Die jaarlikse SOI-/Kondoomweek-veldtog het oor vier dae op die Tygerberg kampus plaasgevind. Die veldtog is in samewerking met Higher Health en Sonke Gender Justice aangebied. Meer as 160 Tygerberg studente is vir hoë bloeddruk, diabetes, sifilis, MIV en tuberkulose getoets. Gratis kondome, smeermiddels, swangerskapstoetse en inligtingspamflette is aan studente uitgedeel.

Studente is via sosiale media aangemoedig om hulself vir MIV en SOI te laat toets.

Aanlyn geleenthede van Personeelwelstand

Ons het drie webinare met die fokus op personeelwelstand en gelykwaardigheid in samewerking met Menslike Hulpbronne en die Siyakhula-program aangebied.

- Die eerste webinaar, "Intergenerational trauma affecting the well-being of men and impact on GBV" (Intergenerasie-trauma wat die welstand van mans beïnvloed en die invloed daarvan op GGG), het insigte oor toksiese manlikheid gebied. Die Hoof van Personeelwelstand, Shibu Mamabola, was in gesprek met een van die Eenheid se eksterne vennote, Given Sigauqwe, die Eenheidsbestuurder van Kommunikasie en Strategiese Inligting by Sonke Gender Justice. Hierdie twee het die onderwerp uitgepluis om insig in toksiese manlikheid te probeer bied.

- Die tweede webinaar het gefokus op vroue en bondgenootskappe. Katlego Letlonkane, Programbestuurder: Kapasiteitsontwikkeling by die US, was in gesprek met Bonita Maboeta, Senior Welweesspesialis: Mense en Kultuur by Noordwes-Universiteit. Hulle het toksiese vroulikheid en vroue as bondgenote in hoër onderwys ondersoek.

- "Grense in die werksplek: Die wankommunikasie en waninterpretasie van boodskappe oor kulture, ouderdomme en genders heen" was die fokus van die laaste sessie in ons medewerking met Menslike Hulpbronne. Qaqamba Mdaka, Gevallekoördineerder by die Eenheid vir Gelykwaardigheid, was in gesprek met die kliniese sielkundiges, Kevashini Govender-Naidoo en Ayesha Booley-Schreuder. Die trio het gedelf deur grense in die werksplek en gefokus op kommunikasie oor ouderdomme en kulture heen, die waninterpretasie van taal en onderliggende teks, geestesgesondheid en subtiele boodskappe, onbewuste gebruik van flankeer-taal, en hoe emojis verkeerd geïnterpreteer kan word.

Poskantoor-na-Parlement-veldtog

Om GGG uit te lig, het die Eenheid met die Uyinene Mrwetyana Stigting saamgewerk om mense meer bewus te maak van die Stigting se Poskantoor-na-Parlement- (P2P-) veldtog. Die veldtog fokus op seksuele misbruik en GGG. Die veldtog het ŉ platform geskep vir individue om gedetailleerde ervarings van en besinnings oor GGG te skryf en voor te lê; hetsy digitaal deur die Stigting se webtuiste, of op ŉ fisiese poskaart. Die digitale en fisiese poskaarte het deel gevorm van ŉ petisie wat deur die Stigting aan die parlementêre Portefeuljekomitee oor Vroue, die Jeug en Mense met Gestremdhede en die Portefeuljekomitee oor Justisie en Korrektiewe Dienste oorhandig is, en versoek dat daar nie slegs ingegryp word nie, maar ook verseker word dat ŉ Nasionale Raad op Gendergebaseerde Geweld en Vrouemoord gevestig word, in ooreenstemming met die ondernemings oor GGG en vrouemoord wat in die Nasionale Strategiese Plan uiteengesit word.



Poskantoor-na-parlement-veltog teen geslaggebasseerde geweld.

16 Dae van Aktivisme vir Geen Geweld teen Vroue en Kinders: Veldtog van 2021

Kunswerk vir die 16 Dae van Aktivisme-veldtog.

Vir die 16 Dae van Aktivisme, wat op 25 November begin en op 10 Desember eindig, het die Eenheid vir Gelykwaardigheid ŉ veldtog aangebied met die fokus op twee pertinente kwessies wat grootliks in die GGG-diskoers onderverteenwoordig word: GGG en mense met gestremdhede, en GGG en die LGBTQIA+-gemeenskap. Die veldtog het hierdie kwessies deur ŉ reeks sosialemediaplasings, aanlyn artikels en twee middagete-webinare aangeraak. Die webinare het uitgelig hoe belangrik dit is om inklusief te wees in die skep van solidariteit tussen die GGG-sektor en gemarginaliseerde groepe. Die veldtog van 2021 was daarop gemik om voorspraak vir menseregte te doen en ŉ versterkte, gefokusde reaksie te skep, wat toeganklik en relevant is, maar wat ook diegene wat ingryping versoek, bemagtig en aan hulle geregtigheid laat geskied.

Promosietoere

Die Eenheid het met virtuele opleidingsessies by verskeie fakulteite, departemente en eenhede aan die US begin. Sedert dit in die US gemeenskap bekend geword het, het die Eenheid vir Gelykheid reeds aanbiedinge oor die steundienste wat aan personeel en studente beskikbaar is, by verskeie fakulteite en departement gedoen. Verskeie departemente en fakulteite, waaronder Fakulteitsbestuur, die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, die Registrateurskantoor en die Transformasiekomitee van die Fakulteit Sosiale Wetenskappe, het reeds versoek dat die Eenheid hierdie sessies vir hulle personeel aanbied. Die Eenheid beplan om hierdie diens in 2022 voort te sit.

MEDEWERKING

Medewerking met interne en eksterne vennote raak al hoe belangriker vir die werk van die Eenheid vir Gelykwaardigheid. In 2021 het die Eenheid bestaande bande verstewig en nuwe medewerkers gesoek om beter diens en inligting aan die gemeenskap van die US te kon lewer. Ons het ons vennootskap verstewig met Sonke Gender Justice, Higher Health, Gender Dynamix, die Uyinene Mrwetyana Stigting, die Gesondheid-, Welstand- en Ontwikkelingsentrum van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, die MIV-/Vigseenheid van die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie, die Inklusiwiteit- en Veranderingsentrum van die Universiteit van Kaapstad, die MIV-sentrum van die Universiteit van die Wes-Kaap, die Desmond Tutu TB-sentrum, Ukwanda Rural Clinic, Youth Against Aids (YAA) se Higher Education Partnership, Marie Stopes South Africa, die Organisation for Human Health and Happiness, Landa Mabenge Consulting, Faghmeda Miller van Positive Muslims, en ons interne vennootskappe verstewig met Menslike Hulpbronne, die Tranformasiekantoor en die Afdeling Studentesake, die US SR, die Sentrum vir Studentegemeenskappe, die Siyakhula-program, die Afdeling Onderrig en Leer, en die Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap.

Medewerking aan Campus Rape Culture-uitstalling

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid het meegewerk aan die bekendstelling van die aanlyn Campus Rape Culture-uitstalling en -webwerf. Die uitstalling delf dieper in die kampusverkragtingskultuur aan die Universiteit Stellenbosch. Die webwerf en uitstalling was die geesteskind van navorsers in die Eenheid vir Godsdiens- en Ontwikkelingsnavorsing, wat met vyf vroulike navorsingstudente van die Universiteit Stellenbosch meegewerk het. Hierdie studente het die verkragtingskultuur op kampus deur die lens van die vrouestudent ondersoek en maak gebruik van fotografie en stemnotas om die ervarings van vroue op kampus te dokumenteer en te probeer verstaan.

Werksessies oor onbillike diskriminasie, seksuele teistering, GGG en diversiteit

Die Eenheid het meer as 240 studente bereik met die aanbied van toegewyde werksessies oor onbillike diskriminasie, seksuele teistering, GGG en diversiteit. Dit sluit in eerstejaarstudente by die FGGW, 'HK'[U1] -opleiding vir die groep van 2021, honneurstudente in Rekeningkunde, en klasverteenwoordigers in Fisioterapie. Meer as 60 personeellede is ook bereik deur werksessies wat by die Transformasieleernetwerk, Siyakhula en die Transformasiekomitee van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied is.

Universiteit Stellenbosch Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP)

Vanjaar het die Eenheid vir Gelykwaardigheid intern met SUNSEP begin saamwerk om sessies oor hoe om onbillike diskriminasie, teistering en GGG aan te meld, vir hulle jaarlikse groep nuwe studente aan te bied.

Opleiding in MIV-berading en toetsvaardighede deur Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid gefinansier

Vyf-en-twintig personeellede van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (van die Tygerberg en die Worcester kampus) is opgelei in MIV-toetsing, -berading en interpersoonlike kommunikasievaardighede, wat hulle met die nodige vaardighede en kennis vir twee afsonderlike navorsingsprojekte toegerus het.

OMVANG EN STATISTIEK

Kondoomverspreiding	Eksterne kondome		Interne kondome	Smeermiddel
	EG	KGD	Slegs KGD	Slegs EG
Januarie	0	400	0	0
Februarie	3 800	1 200	200	0
Maart	1 650	1 400	80	825
April	4 000	2 000	200	0
Mei	4 400	800	0	0
Junie	4 400	400	0	100
Julie	0	0	0	0
Augustus	2 600	400	0	0
September	6 800	400	0	100
Oktober	5 600	400	40	100
November				
Desember				
TOTAAL	**33 250**	**7 400**	**520**	**1 125**

Kondoomverspreiding by US

MIV-toetsing 2021	
EG	169
KGD	598
TOTAAL	**767**

MIV-toetsing 2021

Gevallebestuur	#
Amptelike gevalle afgehandel	16
Amptelike gevalle hangende	7

Gevallebestuur

Tipe klagte	#
Seksuele teistering	6
Teistering	4
Rassediskriminasie	2
Seksuele aanranding	3
Aanranding	2
Advies	2
Betrekkinge in die werksplek	18
Klagtes wat met sosiale media verband hou	1
Bemiddeling	2

Tipe klagte

Verwysings	#
Lynfunksie	2
Kantoor vir Studentedissipline	5
Menslike Hulpbronne (arbeidsbetrekkinge)	1
Sentrale Dissiplinêre Komitee	3
Ondersoekpanele	3
Bemiddeling	2

Verwysings

Sosiale media statistiek 2021	
Maand	**Navolgers bereik**
Januarie	2 936
Februarie	4 734
Maart	7 663
April	3 948
Mei	4 369
Junie	2 836
Julie	8 627
Augustus	35 713
September	17 089
Oktober	1 635
November	1 610
Desember	3 667
TOTAAL	**87 157**

Sosiale media statistiek 2021

Maand	Personeel en studente deur opleiding bereik
Januarie	0
Februarie	422
Maart	165
April	149
Mei	75
Junie	137
Julie	106
Augustus	80
September	51
Oktober	51
November	51
Desember	0
TOTAAL	**1 287**

Personeel en studente opleiding bereik

PERSONEELOORSIG

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid het in die 2021 finansiële jaar twee personeellede aangestel. Dr Jill Ryan is as Koördineerder vir Geweldlose Genderinteraksie aangestel, en Werner van Kerwel het die personeelsterkte voltooi in die nuut-geskepte posisie van Steunbeampte vir Gevalleondersoeke. Die Eenheid het vir Kaylon Weppelman, wat die Koördineerder: MIV en Seksualiteite was, gegroet.

DIE PAD VORENTOE

Dit raak al hoe belangriker om maniere te vind om ons omvang uit te brei. Ons hoop om in 2022 die werk wat reeds gedoen is, verder te versterk en ŉ tranformerende universiteitservaring vir almal te bou.